Prentjies vertoon nie?
Regs-kliek in een van die blokkies sodat die prentjies kan aflaai.

**16 November 2023**

Beste Wapadranter

# Wat gebeur hierdie week?

## Sondag 19 November 2023

- Sondag 19 November vind 2 eredienste plaas: 08:30 en 10:00.
- Beide eredienste word gelei deur dr Rassie Smit.
- Jeuggroepe het afgesluit vir die jaar.
- Vanaf 26 November 2023 tot 14 Januarie 2024 vind **slegs een** erediens om 08:30 plaas.
- Die G's Fees² is amper hier! Is jou bederfboks al gepak? Neem asb ook 'n koevertjie in die portaal.

## Gemeente kommunikasie:

- Die eNuus is nou ook per WhatsApp beskikbaar. 'n Dokument sowel as die video (eNuus in kort) word weekliks op die eNuus-WhatsApp-groep gedeel.

  Dit is nie 'n kletsgroep nie. Aansluit is opsioneel en jy is welkom om die groep enige tyd te verlaat. Kontak die kerkkantoor om die skakel te ontvang of gebruik jou selfoon en kliek op: https://chat.whatsapp.com/EyWAUIKdA0yEqD0UyyIOiW

## Algemeen:

- Mannebybelstudie vind elke Maandag om 19:00 plaas.
- Die seniorbybelstudie sluit af op 21 November.

# Wapadrant Bid Saam

## Voorbidding vir lidmate:

- Gerrie Terblanche wat in die hospitaal was is.

- Annamarie Human wat in die hospitaal was.
- Roelof Weideman wat Vrydag ‘n rugoperasie ondergaan.
- Willie Erasmus wat ‘n noodoperasie ondergaan het.
- Louis van der Walt wat weer in die hospitaal opgeneem is.
- Almal wat ongesteld is.

## Hartlik geluk aan:

Hans Coetzee en Heilie Taljaardt wat Saterdag in die huwelik tree.

## Gebed vir die week:




Versoek om by die gebedsgroep aan te sluit

# G’s Fees²

## G’s Fees²

Die Feesdag is amper hier! Ons “G” graag hierdie jaar aan Kameelfontein. Dit bestaan uit **DRIE** dele:

1. “G” ‘n koevertjie en borg so ‘n stel klere vir ‘n **kind**
2. “G” ‘n Kersfees kardoes vir ‘n **gesin**
3. Vier fees en kuier saam oor ***brunch*** *op 26 November!*

Baie dankie vir elkeen wat reeds ‘n koevertjie ingegooi of elektroniese bydrae gemaak het. Daar is nog geleentheid om ‘n koevertjie in die portaal te neem. Plaas asb. R200 daarin en gooi dit in die liefdegawesakkie. Ons koop dan vir elk van die kinders van Kameelfontein ‘n stel klere. Jy kan natuurlik ook elektronies ‘n inbetaling maak in Sunrise se rekening (Sunrise Road NPC, ABSA takkode 632005, rekening 4080276489). Gebruik asb. die verwysing “**G’s Fees**”.

Onthou: *Alle donasies aan SunRise Road NPC (as ‘n nie-winsgewende maatskappy vir die doel van liefdadigheid en gemeenskapsopheffing) kwalifiseer vir belastingkorting. Indien jy vir belastingkorting wil kwalifiseer, stuur asb. die bewys van betaling aan Esmé Daniel (uitreik@gkwapadrant.co.za) wat vir jou ‘n artikel 18A sertifikaat sal uitreik.*

Hoe vorder jou **Kameelfontein Kersfees Kardoes?** Pak lekker bederfies in ‘n skoenboks, draai dit toe en bring die op 26 November saam kerk toe. Plaas dit op die groot “G” in die portaal.

Na afloop van die diens kuier ons lekker saam oor ‘n selfdoen laat-ontbyt. “**Bring jou bun en bacon en braai jou brunch!**” Die diakonie sal vure voorsien vir diegene wat eerder ietsie wil braai.

# Kleingroepe

# Beroeping van ‘n derde predikant

Die sperdatum vir die derugee van name het reeds verstryk. Die Kerkraad het ’n komitee aangewys om die proses verder te fasiliteer en aanbevelings aan die Kerkraad te maak ten opsigte van die samestelling van die kortlys uit die name wat ontvang is.

Gebed vanuit die gemeente word ook gevra, sodat ons die stem en die wil van die Here sal hoor in hierdie proses waarvan Hy die roeper is van bedienaars na gemeentes.

Meer inligting

# Jeug Muntlegging

Wapadrant Jeug het op Sondag 12 November ‘n Muntlegging gehad. Meer as R2000 is ingevorder vir die Borg ‘n Bybel-projek. Op die koop toe het elke kind ‘n Nuwe Testament ontvang om uit te deel.

# Stadbouers aan die werk

# Poste beskikbaar

## Musiekleier - kontemporêre erediens

Die gemeente se pos vir ’n musiekleier by die Kontemporêre erediens is nog vakant. Het enige van julle, wat nou hier lees, die roeping, passie, gawes of talente om te wil optree as ’n permanente musiekleier, (teen vergoeding), vir die betrokke musiekbediening groep van hierdie spesifieke erediens, met die soort styl, wat gebruik maak van ’n orkes en voorsangers? Of dalk ken jy iemand wat dit goed sal kan doen.

Kontak asb. vir Gawie Jooste by (012) 991 8877 of 082 939 5464

vir meer inligting.

# Spesiale versoek van die kerkkantoor

## Adresse se ligging

Die kerkkantoor het ’n baie groot projek begin wat alle lidmate se hulp gaan benodig - of ten minste een persoon per adres.

Ons wil graag al die adresse van lidmate op die databasis digitaal koppel aan ’n elektroniese padkaart. Vir dié doel versoek ons dat jy vir ons ’n “location pin” van die posisie van jou huis via WhatsApp moet stuur. Die nommer is 0766398454 (admin foon)

Hoe kry ek die “location pin”?

# Erediens inligting

Vanaf 26 November 2023 tot 14 Januarie 2024 vind slegs een erediens om 08:30 plaas.

**PREEKROOSTER**

| DATUM | IDIOOM | TYD | PREDIKER |
|---|---|---|---|
| **19 November** Nagmaal | Kontemporêr Klassiek | 08:30 10:00 | Rassie Smit |
| **26 November** G’s fees / Advent | Klassiek | 08:30 | Petrus Grové |
| **3 Desember** Kersliedfees | Kontemporêr | 08:30 | Peet Vermeulen |
| **10 Desember** | Klassiek | 08:30 | Rassie Smit |

Volg die diens via Youtube

Volg die diens via Facebook

# ‘n Hart van gee

Ons as gemeente is duur gekoop. Christus het die hoogste offer gebring en die prys namens ons betaal. Nou behoort elkeen van ons, met ons wese, gawes, tyd en geld aan God.

So roep Hy ons elkeen afsonderlik, maar ook gesamentlik om die beste aan Hom terug te gee (Spreuke 3:9-10 en 2 Kor 9:5-15), met dieselfde opofferende gesindheid wat daar in Christus was (Rom 12:1-2 en 2 Kor 8:9).

Dankofferstate en dankoffervorms is per epos aan lidmate gestuur. Voltooi asb die dankoffervorm met jou voorneme vir 2024 om ons teen 30 November te bereik.

Voltooide dankoffervorms kan gestuur word na kantoor@gkwapadrant.co.za, geplaas word in die gemerkte kassie langs die houtpaneel in die voorportaal of ingehandig word by die kerkkantoor.

Die dankoffervorm is ook beskikbaar by http://www.wapadrant.co.za/finansiele-sake.html

---

‘n Gemeente het finansies nodig om te funksioneer. Indien jy nog nie uit dankbaarheid finansies afstaan aan die gemeente nie, is hier nou nog ‘n kans. Gebruik die SnapScan-funksie en gee so ook jou donasie. Elektroniese inbetaling kan gedoen word na Geref. Kerk Wapadrant, Absa 3490151957. Merk die verwysing daarop asb. as “Donasie” of “Bydrae” met jou naam daarby. Jy mag ook anoniem bly.

Snap here to pay

SnapScan

# Ondersteun mekaar

Weet jy watter produkte of dienste deur mede-lidmate gelewer word? Kom ons ondersteun mekaar en bou sò aan ons stad.

Jy kan ook jou produkte en dienste hier adverteer. Dit is gratis. Stuur ‘n epos met besonderhede aan admin@gkwapadrant.co.za.

LidmaatNetwerk

Nie meer ‘n lidmaat van Wapadrant nie?
Vra lidmaatskap aan